

# Die dekaan van die Militêre Akademie in historiese perspektief deur

DEON VISSER, PIETER KAPP EN KOOS KOTZÉ\*

Die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie vier met die eeuwending in 2000 sy halfeeu-fees. Die aanstelling, taak en posisie van die Dekaan van dié instelling, sedert 1961 die Fakulteit Krygskunde van die Universiteit van Stellenbosch, het die afgelope 50 jaar betekenisvolle veranderinge ondergaan, veranderinge wat teweeggebring is deur die behoeftes van die Weermag as “kliënt” van die Akademie, die Akademie se eie, interne behoeftes as akademiese instelling, asook algemene ontwikkelinge in hoër onderwys in Suid-Afrika. ‘n Sleutelvraagstuk deur die jare was hoe om militêre behoeftes en universitêre vereistes by die Militêre Akademie met mekaar te versoen: Moes die Dekaan as akademiese hoof van dié instelling in die eerste plek akademikus of militêr wees? Of, moes die ampte van Dekaan en Bevelvoerder in een pos saamgevoeg word? By die bekende *United States Military Academy*, West Point, is die dekaan (soos die meerderheid van die dosente) tradisioneel ‘n akademies-gekwalfiseerde beroepsoffisier, ondergeskik aan die bevelvoerder of superintendent van dié instelling.<sup>1</sup> By die ewe bekende *Royal Military Academy*, Sandhurst, is die dekaan, oftewel die *Director of Studies*, ‘n burgerlike akademikus wat aan die hoof van ‘n uitsluitlik burgerlike dosentekorps staan. Hy is ook ondergeskik aan die bevelvoerder of kommandant van daardie instelling.<sup>2</sup>

Tussen hierdie twee uiterstes het die militêre owerhede in Suid-Afrika die afgelope halfeeu probeer om ‘n werkbare beheerstruktuur vir die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie te vind. Die doel van hierdie artikel is om die ontwikkeling van die beheerstruktuur van die Militêre Akademie, spesifiek die aanstelling, taak en posisie

---

Luitenant-kolonel G.E. Visser is Voorsitter van die departement krygsgeskiedenis, Fakulteit Krygskunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy jongste publikasie is “Militêre professionalisme en die onderrig van Krygsgeskiedenis in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag: ‘n Historiese perspektief” in *Scientia Militaria* vol. 27, 1997. Hy is tans besig met ‘n Ph. D-studie oor die geskiedenis van die Militêre Akademie. Prof. Pieter Kapp, is voorsitter van die departement geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en ook Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy mees onlangse publikasie is ‘Die identiteitsoeke van die Kaapse Koloniste 1828-54’ in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 39, 1, Maart 1999, pp. 1-22. Kol. dr. J.S. Kotzé is ‘n voormalige professor in krygsgeskiedenis en militêre strategie aan die Fakulteit Krygskunde, Universiteit van Stellenbosch in die tydperk 1966 en 1995. Met sy aftrede was hy hoof van die Afdeling Geesteswetenskappe. Hy praktiseer tans as prokureur op Vredenburg.

T.J. CRACKEL. *The Illustrated History of West Point*, (Harry N. Abrams Inc., New York 1991), pp.240, 295, 275, 278, 301.

H. THOMAS. *The Story of Sandhurst*, (Hutchinson, London, 1961), pp.224 - 225; E. KOTZE EN R. STEELE, “Behavioural determinants of Civil-Military Control: Military Tertiary Education and Civilian Educators” in *Administratio Publica*, 6(1), Junie 1995, pp.59, 62, 64.

van die Dekaan, uit 'n historiese perspektief te belig en aan te toon waar dit na 50 jaar staan. Dit noodsaak vanselfsprekend ook 'n kykie na die ontwikkelingsgeskiedenis van die Militêre Akademie as instelling.

## 1. Stigting van die Militêre Akademie

Die Militêre Akademie het op 1 April 1950 as 'n tak van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege (tans die Suid-Afrikaanse Leërkollege) op Voortrekkerhoogte (tans *Thaba Tshwane*) onder die akademiese voogdyskap van die Universiteit van Pretoria tot stand gekom. Die doelstelling van die Akademie, soos dit destyds geformuleer is, was

om die akademiese opleiding wat Staande Mag Kadette (sic) tans ontvang tot die peil van 'n *Baccalaureus*-graad te verhef en op dié manier sorg te dra dat sulke Kadette [na] graduasie oor die kennis beskik wat progressiewe vordering gedurende 'n loopbaan as offisier van die Staande Mag sal verseker.<sup>3</sup>

Die motivering wat die militêre owerhede vir die verhoging van die opvoeding van die aspirantoffisiere van die Unieverdedigingsmag tot universiteitsvlak aangevoer het, was dat dit

weens verwikkelinge in die oorlogskuns ... noodsaaklik geword (het) dat beroepsoffisiere 'n uitgebreider kennis van wetenskaplike sake moet dra teneinde (sic) hulle in staat te stel om die ingewikkelde apparate en oorlogstuig van die toekoms behoorlik te bemagtig.<sup>4</sup>

Die verwagting was voorts dat die verwerwing van 'n graad Unieverdedigingsmag-offisiere op gelyke voet met professionele persone in die burgerlike sektor sou plaas en militêre opleiding in Suid-Afrika op dieselfde peil as in die buiteland sou bring. Die *Royal Military Academy*, en veral die *United States Military Academy* het in laasgenoemde verband as rolmodelle gedien. Die militêre owerhede het ook gehoop dat daar so 'n groot aanvraag om toelating tot die militêre graadkursus sou wees, dat dit nie alleen die werwing van aspirantoffisiere sou vergemaklik nie, maar ook die Unieverdedigingsmag in staat sou stel om slegs die beste kandidate as toekomstige offisiere te keur.

Die Akademie het jaarliks 30 aspirantoffisiere van die Leër en die Lugmag toegelaat.<sup>5</sup> Vlootstudente kon as gevolg van die binnelandse ligging van die Militêre Akademie en die afwesigheid van geskikte vlootopleidingsfasiliteite nie tot die Akademie toegelaat word nie.<sup>6</sup> Die militêre graadkursus het drie jaar geduur, na afloop waarvan suksesvolle kandidate 'n B.Sc.(Mil.)- of B.A.(Mil.)-graad van die Universiteit van Pretoria ontvang

---

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagargief (SANWA), CGS (WAR) 281, 56/36, Wnd. Hoof van die Generale Staf (H.G.S.) - Min. van Verd., 22 Maart 1949.

SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, Wnd. Sekr. Van Verd. - Min. van Verd., 5 Julie 1949.

SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, Wnd. Sekr. Van Verd. - Min. van Verd., 5 Julie 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, manuskrip van artikel oor Militêre Akademie, 23 Augustus 1951.

Vergelyk L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 - 1959, p.115.

het. Gelyklopend met hul graadstudie, het die kadette ook militêre opleiding ontvang om hulle vir kommissie-aanstelling (d.w.s. aanstelling as offisiere) te bekwaam. Die militêre studente het hul onderrig in die gewone akademiese vakke wat by die militêre graadkursusse ingesluit was, saam met die burgerlike studente op die kampus van die Universiteit van Pretoria ontvang. Die sogenaamde militêre vakke, te wete Militêre Aardrykskunde, Militêre Geskiedenis, Militêre Reg en Militêre Wetenskap, is onder die benaming “Krygskunde” saamgegroeper en is deur militêre dosente by die Militêre Kollege gedoseer.

Die Unieverdedigingsmag het dié dosente vanuit die privaatsektor gewerf en hulle as offisiere in die Staande Mag aangestel. Hulle het slegs beperkte militêre opleiding ondergaan om hulle in die militêre milieu te oriënteer. Die werwing, keuring en aanstelling van die militêre dosente het egter in oorleg met die Universiteit, wat hulle as deelydse dosente van die Universiteit geakkrediteer het, geskied. ‘n Meestersgraad of gelykwaardige kwalifikasie het ingevolge die normale beleid van die Universiteit as minimum vereiste vir die aanstelling van dosente (insluitende die Dekaan) by die Akademie gegeld. Die Universiteit het naas sy inspraak in die aanstelling van dosente ook by wyse van die finale goedkeuring van alle leerplanne vir die militêre vakke en toesig oor die eksamens oor die akademiese standaard van die militêre graadkursusse gewaak.

## **2. Bevel- en beheerstuktuur**

Die militêre owerhede se voorneme was van die begin af dat die Militêre Akademie onder militêre bevel sou staan, sodat hulle kon toesien dat dié instelling in die streng militêre tradisie bedryf sou word en nie soos ‘n burgerlike universiteit nie. Daarom moes daar ‘n akademies gekwalifiseerde offisiër van die Unieverdedigingsmag as Dekaan aangestel word, wat direk onder die bevel van die Kommandant van die S.A. Militêre Kollege sou staan.<sup>7</sup> Die Dekaan moes dus militêr en akademies goed geskool wees, maar moes klaarblyklik in die eerste plek ‘n militêr wees. Soos die Kommandant van die S.A. Militêre Kollege, kol. H.S. Cilliers, dit opgesom het:

Dié persoon moet oor akademiese kwalifikasies beskik, aangesien hy in staat moet wees om die akademiese onderrig te beheer en administratiewe beheer van die Fakulteit waar te neem. Terselfdertyd moet hy oor uitgebreide kennis oor suiwer militêre onderwerpe beskik aangesien laasgenoemde as vaardigheidsvakke deel sal uitmaak van die graadkursus. Weens die betreklik hoë Universiteitskwalifikasies wat van die persoon vereis word, om aan te pas by die status van sy amp en om te verseker dat hy in staat gestel sal word om behoorlike kontrole oor fakulteitsverrigtinge uit te voer word dit

---

SANWA, Kommandant-generaal (KG) K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die Unieverdedigingsmag (U.V.M.): Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, p.7.

noodsaaklik beskou dat hy die rang van Majoor moet hou. Hy moet aangestel word as “Professor, Dekaan van die Akademiese Raad.”<sup>8</sup>

Die militêre owerhede het vanweë hul voorneme om ‘n dienende offisier as Dekaan van die Akademie aan te stel, geen poging aangewend om buite die Unieverdedigingsmag ‘n kandidaat te werf wat oor onderrig- of bestuurservaring in die universiteitsomgewing beskik het nie. Verdedigingshoofkwartier het eenvoudig administratief besluit om kap. S.A. Engelbrecht, ‘n genie-instrukteur aan die S.A. Militêre Kollege, na die rang van majoor te bevorder en in die dekaanspos aan te stel.

Hy het in 1934 ‘n B.Sc.- en in 1936 ‘n M.Sc.-graad in Skeikunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en in dieselfde jaar by die Unieverdedigingsmag aangesluit. Hy was militêr goed gekwalifiseer en het onder meer in 1939 ‘n *Ordinance Officers Course* aan die *Royal Military College of Science* in Brittanje bygewoon.<sup>9</sup> Die Universiteit van Pretoria het hom egter nie as professor aangestel nie, maar bloot as deeltydse lektor geakkrediteer.<sup>10</sup> Ofskoon hy akademies aan die minimum vereistes vir die dekaanspos voldoen het, het hy klaarblyklik geen ervaring (anders as student) in die universiteitswese gehad nie en was hy in daardie opsig nie uitnemend geskik om vir die akademiese funksie van die Militêre Akademie vader te staan nie.

Hoewel daar in die omgangstaal soms na die Militêre Akademie as ‘n “militêre fakulteit” verwys is, was die Akademie geensins ‘n fakulteit van die Universiteit van Pretoria nie. Trouens, daar het nie eers ‘n afsonderlike departement vir die krygskundige vakke tot stand gekom nie. Vanweë die klem op Wiskunde in die militêre vakke, is dit voorlopig onder die Departement Wiskunde geplaas. Sonder ‘n volwaardige militêre fakulteit kon daar uiteraard ook nie sprake van ‘n “Dekaan” van die Militêre Akademie in die ware sin van die woord wees nie.<sup>11</sup> Die Unieverdedigingsmag en die Universiteit van Pretoria het met die stigting van die Militêre Akademie ‘n gesamentlike Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding in die lewe geroep wat as skakel tussen dié twee instansies moes dien. Die Dekaan van die Militêre Akademie het uit hoofde van sy amp as die sekretaris en sameroeper van die Studiekomitee gediën, terwyl die voorsitter jaarliks uit die geledere van Universiteitsvertegenwoordigers verkies is. Die Studiekomitee se taak was om alle aangeleenthede rakende die militêr-akademiese opvoedingstelsel te ondersoek en aanbevelings daarvoor aan die Universiteit en die Unieverdedigingsmag te maak en die Dekaan het daarin die sleutelrol gespeel. Die Raad van die Universiteit van Pretoria het hom voorts ook tot assessorlid van beide die Fakulteitsrade van Lettere en Wysbegeerte en Wis- en Natuurkunde benoem, in welke hoedanigheid hy die vergaderings van dié

- 
8. SANWA, S.A. Militêre Kollege (SA MIL KOL) (Groep 1) 164, MC/T/12/1, Kommandant S.A. Militêre Kollege (Kmdt. S.A. Mil. Kol.) – Direkteur Beleidskoördinasie, 27 Mei 1949.  
SANWA, Personeelrekords, 00079707PR, S.A. Engelbrecht; Universiteit van Pretoria (UP) Argief, Notule van die Raad, notule van ‘n vergadering van verteenwoordigers van UP en die U.V.M., 26 Mei 1950.
  9. SANWA, SA MIL KOL (Groep 1) 164, MC/T/12/1, Registrateur UP – maj. S.A. Engelbrecht, 22 Desember 1950.
  11. SANWA, SA MIL KOL (Groep 1) 88, MK/F/5/2, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die S.A. Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.

twee fakulteite moes bywoon om na die belange van die Unieverdedigingsmag om te sien.

### **3. Spanning tussen die akademiese en militêre strukture**

Maj. S.A. Engelbrecht is op 1 November 1951, minder as twee jaar na sy aanstelling as Dekaan, met bevordering, na die Tegnieese Dienskorps verplaas.<sup>12</sup> Daar is klaarblyklik geen poging aangewend om die pos te adverteer, ten einde die beste beskikbare kandidaat in sy plek te probeer aanstel nie. Kapt. M. (Melt) van Niekerk (M.A. (Geskiedenis), UP, 1948), sedert Januarie 1951 'n dosent in Militêre Geskiedenis aan die Akademie is daarop met ingang van 20 November 1951 in sy plek as Dekaan van die Militêre Akademie aangestel.<sup>13</sup> Hierdie vroeë dekaanswisseling is in twee opsigte vreemd. Eerstens sou 'n mens verwag dat Engelbrecht langer in sy pos sou bly om die Akademie behoorlik te vestig en deur sy tandekryprobleme te help. Tweedens is dit van die begin af sterk beklemtoon dat die Dekaan 'n akademies gekwalifiseerde offisier van die Unieverdedigingsmag moes wees, terwyl die pos nou gevul is deur, wat beskryf kan word as 'n burgerlike dosent in uniform. Van Niekerk se verklaring daarvoor is dat daar dalk gevoel is dat Engelbrecht nie meer behoorlik in voeling met die akademiese wêreld was nie en dat die Universiteit van Pretoria hom (Van Niekerk) as plaasvervanger aanbeveel het. Die Hoof van die Generale Staf, lt.genl. C.L. de W. du Toit, het hom dan ook volgens sy getuienis opdrag gegee om die Akademie reg te ruk.

Gegewe die swak akademiese resultate<sup>14</sup> van die kadette in daardie stadium, is dit nie ondenkbaar dat die Unieverdedigingsmag en Universiteitsowerhede kon besluit het om dié skuif te maak om die situasie te probeer beredder nie. Die keuse het volgens Van Niekerk se eie getuienis voorts op hom as opvolger vir Engelbrecht geval omdat hy die enigste van die militêre dosente was wat oor 'n kwalifikasie in die Opvoedkunde (H.O.D.) beskik het en (voor die Tweede Wêreldoorlog) 'n mate van militêre opleiding ondergaan het.<sup>15</sup> Ervaringgewys was hy onder meer vyf jaar lank as assistent-argivaris by die Staatsargief werksaam, waar hy vir historiese navorsing, asook voorligting aan studente verantwoordelik was.<sup>16</sup> Soos Engelbrecht, het hy geen ervaring in die universiteitsomgewing gehad toe hy as dosent by die Akademie aangestel is nie. Sy H.O.D. het hom sekerlik akademies effens beter as sy voorganger vir die dekaanskap toegerus.

Die militêre owerhede het Van Niekerk met sy aanstelling as Dekaan die aanbod gemaak dat hy buitelandse militêre akademies kon besoek om hom insig in sy taak te gee. Hy het egter gemeen dat dit nie uit 'n koste-oogpunt regverdigbaar was nie. Hy het

---

12. SANWA, Personeelrekords, 00079707PR, S.A. Engelbrecht.

13. SANWA, SA MIL KOL (Groep 1) 207, MK/T/12/2, Wnd. Kmdt. S.A. Mil. Kol. - Registrateur UP, 31 Januarie 1952.

14. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, "Jaar Rapport oor Militêre Akademie", g.d. (1951).

15. M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, 16 September 1992.

16. UP Argief, Notule van die Raad, "Akademiese Kwalifikasies van Voorgestelde Dosente in Krygskunde", 21 Februarie 1951.

dus al die buitelandse militêre attachés en ambassades in Pretoria besoek en soveel inligting as moontlik oor die funksionering van buitelandse akademieë bekom, ten einde 'n pad vir die Akademie te probeer uitstippel. Hy het werklik 'n diepgaande studie van die filosofiese basis en funksionering van buitelandse akademieë gemaak en op grond daarvan vir die eerste keer 'n teoretiese begroning vir die Militêre Akademie geformuleer. Hy het hom in die lig daarvan beywer vir die totstandbring van 'n volwaardige, selfstandige, gesamentlike Militêre Akademie vir al drie weermagsdele op Saldanha. Hy het te midde van sterk teenkante van die weermagsdele daarin geslaag om minister Erasmus van sy standpunt te oortuig, waarna Erasmus hom persoonlik baie sterk in sy strewe ondersteun het.<sup>17</sup>

Die bevel en beheer van die Akademie was ná Engelbrecht se verplasing nie bevorderlik vir die ontwikkeling van dié instelling nie, allermins in die rigting wat Van Niekerk in die vooruitsig gestel het. Sy aanstelling as Dekaan was na sy eie mening bloot 'n aanstelling in naam. Hy is nie tot die rang van majoor, wat aan die dekaanspos gekoppel was, bevorder nie en het geen ekstra vergoeding as Dekaan ontvang nie. Van Niekerk kon vanweë sy gebrek aan militêre kennis nie oor die militêre opleiding van die kadette beheer uitoeven nie, met die gevolg dat dié taak na die regimentpersoneel van die Militêre Kollege verskuif het. Die Dekaan was derhalwe voortaan net vir die akademiese onderrig van die kadette verantwoordelik en het geen inspraak in die militêre sy van hul opleiding gehad nie.<sup>18</sup> Dit was volgens 'n latere Kommandant van die S.A. Militêre Kollege, kol. P.J. Jacobs,

bepaald die ideale toestand wat ook by 'n selfstandige militêre akademie sal geld. Die Dekaan staan aan die hoof van die akademiese opleiding en 'n soldaat is in bevel van die hele organisasie en spesifiek verantwoordelik vir die militêre opleiding.<sup>19</sup>

Hoe korrek dié uitspraak in beginsel ook al mag klink, het hierdie stap die beheer oor die Akademie reeds in sy geboorte-uur in twee geskeur en negatief op die harmonisering van die gesamentlike militêr-akademiese opvoedingstaak van dié instelling ingewerk.

Die feit dat Van Niekerk nie tot majoor bevorder is nie en so 'n ondergeskikte posisie by die S.A. Militêre Kollege beklee het, het hom in 'n onbenydenswaardige situasie geplaas, wat hy herhaaldelik by die Kommandant van die S.A. Militêre Kollege bekla het. Hy het nie alleen dieselfde rang beklee as sy kollegas oor wie hy beheer moes uitoeven nie, maar hy het ook 'n junior rang in die hiërargie van die Militêre Kollege en die Unieverdedigingsmag beklee, wat dit moeilik gemaak het om hom in die militêre milieu te handhaaf en sy stempel op die Akademie af te druk. Die beroepsoffisiere wat

---

17. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, 16 September 1992.

SANWA, SA MIL KOL (Groep 1) 87, MK/F/1/2, Dekaan Militêre Akademie (Mil. Akad.) – Wnd. Kmdt. S.A. Mil. Kol., 21 Maart 1953; SANWA, SA MIL KOL (Groep 1) 87, MK/F/1/2, Kmdt. S.A. Mil. Kol. – Leërstafoof (L.S.H.) en Adjudant-generaal (A.G.), 6 Maart 1954.

19. SANWA, SA MIL KOL (Groep 1) 87, MK/F/1/2, Kmdt. S.A. Mil. Kol. – L.S.H. en A.G., 6 Maart 1954.

saam met hom in die Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding gedien het, het ook almal hoër range as hy gehad, wat sy geloofwaardigheid tydens samesprekings met die verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria ondermyn het.<sup>20</sup> Die beroepsoffisiere van die Kollege het voorts volgens Van Niekerk op die dosente, wat na hul mening vanweë hul gebrek aan opleiding nie hulle offisiersrange waardig was nie, neergesien en was dikwels snedig en neerhalend in hul optrede teenoor die dosente. Dié gesindheid het na die studente oorgespoel, sodat hulle ook 'n half minagtende houding teenoor die dosente en die Dekaan ingeneem het.<sup>21</sup>

Alle skuld vir die swak verhouding tussen die akademiese en militêre komponente van die Akademie kan egter nie voor die deur van die Kommandant van die S.A. Militêre Kollege en sy offisiere gelê word nie. 'n Deel van die blaam moet oor Van Niekerk se eie deur en dié van die Minister van Verdediging persoonlik gelê word. Van Niekerk het volgens sy eie getuienis "elke Sondagoggend" by Erasmus gaan tee drink en "wederregtelik" Akademie-sake met hom bespreek, omdat dit

die enigste manier was wat hy (Erasmus) kon weet wat regtig aangaan.<sup>22</sup>

Volgens Van Niekerk was baie van die offisiere in die Unieverdedigingsmag teen universiteitsopvoeding vir offisiere gekant en het gevolglik die Akademie met hand en tand beveg. Daarom was hy genoodsaak om hom tot hierdie Sondagoggenduitstappies te wend. Wat ook al Van Niekerk se beweegredes was, sy heulery met Erasmus agter die skerms het hom sekerlik nie 'n gewilde man in die Unieverdedigingsmag in die algemeen en by die S.A. Militêre Kollege in die besonder, gemaak nie. Trouens, die Bevelvoerder van die S.A. Militêre Kollege, Jacobs, het hom by geleentheid summier laat arresteer en aanhou toe hy Erasmus, wat hom daarheen ontbied het, direk op kantoor gaan spreek het. Hy moes hom uiteindelik op die Minister persoonlik beroep om uit dié penarie te kom.<sup>23</sup>

Van Niekerk, wat in Februarie 1954 uiteindelik na die rang van majoor bevorder is, het, volgens sy eie getuienis, uiteindelik so gefrustreerd geraak met die weerstand en die gebrek aan begrip waarteen hy hom telkens vasgeloop het in sy pogings om die Akademie tot 'n volwaardige militêr-akademiese opvoedingsinrigting uit te bou, dat hy met ingang van 1 April 1954 bedank het. Minister Erasmus het ná Van Niekerk se bedanking persoonlik die stigting van die Akademie as 'n selfstandige, gesamentlike offisiersopleidingsinrigting vir al drie weermagsdele op Saldanha onder die vleuels van die Universiteit van Stellenbosch deurgedryf.<sup>24</sup> Die Akademie het met ingang van 1 Februarie 1956 as 'n selfstandige eenheid tot stand gekom, maar was fisies tot die einde van 1957 op Stellenbosch gesetel, in afwagting van die voltooiing van sy

---

20. SANWA, SA MIL KOL (Groep 1) 87, MK/F/1/2, Dekaan Mil. Akad. - Wnd. Kmdt. S.A. Mil. Kol., 21 Maart 1953.

M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, 16 September 1992; E.L. Bekker - G.E. Visser, onderhoud, 24 Maart 1999.

22. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.

23. M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, 16 September 1992.

24. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, F.C. Erasmus - Prof. dr. H.B. Thom, 10 Augustus 1954.

gebouekompleks op Saldanha. Die Akademie het dus eers van 1958 af op Saldanha begin funksioneer. Kapt. M.J. Barnard, dosent in Militêre Aardrykskunde, en kapt. J.E. Potgieter, dosent in Fisika, het ondertussen as 'n tydelike, huishoudelike maatreël agtereenvolgens as Dekaan waargeneem in afwagting van die aanstelling van 'n nuwe Dekaan onder die Stellenbosch-bedeling.

#### 4. 'n Volwaardige Dekaan

Die militêre graadkurse het onder die Stellenbosch-bedeling ook drie jaar geduur, na afloop waarvan die suksesvolle kandidate 'n B.(Mil.)-graad in die Geestes- of Natuurwetenskappe van die Universiteit van Stellenbosch ontvang het. Dit het ook met gelyklopende militêre opleiding gepaard gegaan en die Universiteit van Stellenbosch het op dieselfde wyse as die Universiteit van Pretoria oor die aanstelling van dosente en die standaard van die akademiese onderrig beheer uitgeoefen. Die militêre studente het gedurende hul eerste jaar die gewone universiteitsvakke saam met burgerlike studente geloop. Die tweede- en derdejaarleerplanne is egter militêr aangepas en is uitsluitlik deur militêre dosente aan die Akademie gedoseer. Alhoewel die Militêre Akademie nie 'n volwaardige fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch was nie, het die akademiese hoof van die eenheid, soos onder die Universiteit van Pretoria, die benaming Dekaan gedra.<sup>25</sup> Die Dekaan was volgens die nuwe bedeling ook die Bevelvoerder van die Militêre Akademie en het die rang van kolonel in die S.A. Staande Mag bekleed.<sup>26</sup> Daarmee is die probleem van verdeelde beheer wat die Akademie in Pretoria gekortwiek het, uit die weg geruim.

Volgens C.M. Bakkes<sup>27</sup> wat 'n studie van die Militêre Akademie se Pretoria-periode gemaak het, het die militêre owerhede dit in 1955 aan die Akademie dosente oorgelaat om 'n geskikte Dekaan vir die Akademie te vind. Daaruit kan afgelei word dat die akademiese profiel van die Dekaan in daardie stadium, anders as by die stigting van die Akademie in 1950, veel swaarder as sy militêre profiel geweeg het. Dié ommeswaai was waarskynlik te danke aan 'n poging om enersyds die Akademie as 'n geloofwaardige akademiese instelling te vestig en andersyds om die administrasie en uitvoering van die akademiese funksie op 'n gesonde voet te plaas. Die dekaanspos is klaarblyklik in die pers geadverteer, wat 'n elftal applikante opgelewer het. Ses van die kandidate, waaronder die latere bekende historikus, prof. F.A. van Jaarsveld, het oor doktorsgrade beskik, maar nie een van hulle was in daardie stadium aan 'n universiteit verbonde nie.<sup>28</sup>

---

25. Universiteit van Stellenbosch (US) Argief, Notule van die Raad, 9 Desember 1954, pp.228 – 230; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, "Universiteit van Stellenbosch: B.A.(Mil.)- en B.Sc.(Mil.)-grade: Besluite van die Universiteitsraad (in oorleg met die Senaat geneem.)", g.d.

26. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, Uittreksel van notule van Staf- en Afdelingshoofdevergadering, 4, 7 en 8 Julie 1955.

27. C.M. BAKKES, "Die geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria (April 1950 – Februarie 1956)" in E.M. Müller, et al., reds, *Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum*, (Militêre Akademie, Saldanhaabaai, 1975) p.11.

28. Vergelyk SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, naamlys van applikante vir dekaanspos, g.d.

Ofskoon 'n meestersgraad (met een of meer van die vakke wat aan die Akademie gedoseer sou word as hoofvakke) oënskynlik steeds as minimum vereiste vir die dekaanspos gestel is,<sup>29</sup> kan aanvaar word dat daar hoër gemik is. Geeneen van die aansoekers het vermoedelik wat akademiese status en ervaring betref, aan die verwagtings voldoen nie. Die waarnemende Adjutant-generaal, kol E.J. de Wet, het gevolglik op aanbeveling van die Akademie-dosente<sup>30</sup> vir prof. P.J.G. de Vos, professor in Fisika aan die Universiteit van Stellenbosch en pas aangestelde bevelvoerder van Regiment Tobie Muller ('n Burgermagenheid, later bekend as Regiment Universiteit Stellenbosch) in dié verband genader. Hy het hom die aanstelling met ingang van 1 Januarie 1956 laat welgeval. Die Rektor, prof. H.B. Thom, het teen April 1955 "‘n private skriftelike aanbeveling’"<sup>31</sup> insake die aanstelling van 'n Dekaan vir die Akademie aan die Minister van Verdediging gemaak. Alhoewel geen rekord van dié aanbeveling of die naam van die betrokke kandidaat opgespoor kon word nie, kan aanvaar word dat dit ook prof. De Vos was. Dit is ondenkbaar dat die Minister van Verdediging 'n aanbeveling van die Rektor in die wind sou slaan.

Prof. De Vos was in meer as een opsig 'n besonder geskikte kandidaat vir die dekaanskap. Hy was akademies briljant. Hy het beide sy B.Sc.- en M.Sc.-grade met onderskeiding aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en het ná die verwerwing van sy doktorsgraad aan dieselfde universiteit in 1942 verdere studie en navorsing aan die beroemde Universiteit van Cambridge onderneem. Beide inrigtings het hom met akademiese erekleure bekroon. Hy was reeds sedert 1940 as dosent aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde en is in 1948 as professor in Fisika aan dié universiteit aangestel. Militêr was hy insgelyks besonder goed onderlê. Hy was reeds sedert 1950 'n offisier in die Aktiewe Burgermag en het 'n hele paar militêre kursusse deurloop. Daarby was De Vos 'n toonbeeld van liggaamlike fiksheid en 'n begaafde sportman wat veral in landlope uitgeblink en sporterekleure van beide die Universiteit van Stellenbosch en Cambridge ontvang het.<sup>32</sup> Met die klem wat die Unieverdedigingsmag op sport en liggaamlike opvoeding geplaas het, was hy dus ook in daardie opsig 'n rolmodel vir die studente.

Beide kol. De Vos se militêre en akademiese status (kolonel en professor) was, in teenstelling met die Pretoria-era, sodanig dat hy hom met gemak in altwee omgewings kon handhaaf. Ten einde insig in sy taak te verkry en te verseker dat Suid-Afrika tred hou met kontemporêre ontwikkelinge, het die Weermag hom in 1956 die geleentheid gegee om verskeie militêre akademies in die buiteland te besoek.

Die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch het teen die einde van 1960 'n ooreenkoms aangegaan, ingevolge waarvan die Militêre Akademie met ingang van 1 Januarie 1961 amptelik as 'n volwaardige fakulteit, naamlik die

---

29. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, A.G. - H.G.S., 2 Februarie 1956; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, H.G.S.- A.G., 3 Februarie 1956.

30. C.M. Bakkes. 1975. Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, p.11.

31. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, Wnd. Dekaan Mil. Akad. - Registrateur US, 18 Oktober 1955.

32. *Militêre Akademie Jaarblad 1976*, p.16 - 17.

Fakulteit Krygskunde, van die Universiteit tot stand gekom het.<sup>33</sup> Die militêre studente sou dus voortaan al drie hul studiejare by die Akademie deurbring. Daarby is 'n derde studierigting, naamlik 'n B.Mil. in die Handelswetenskappe (tans Bestuurswetenskappe) ook by die Akademie ingevoer.

Met die totstandkoming van die Fakulteit Krygskunde het die Dekaan van die Akademie vir die eerste keer daardie titel waardig geword, deurdat hy nou, soos ander dekane, aan die hoof van 'n volwaardige fakulteit van 'n universiteit gestaan het. Die Universiteit van Stellenbosch het dus kragtens bogenoemde ooreenkoms op dieselfde wyse as oor al sy ander fakulteite beheer oor die Fakulteit Krygskunde uitgeoefen. Dit het beteken dat die Akademie voortaan groter outonomie en direkte verteenwoordiging in die hoogste besluitnemende liggame van die Universiteit sou geniet. Die Dekaan en Bevelvoerder het naamlik as 'n professor van die Universiteit sitting op die Senaat verkry en kon dus nou self Akademie-sake (oftewel die aanbevelings van die Fakulteitsraad, Krygskunde) aan die Senaat voordra; voorheen moes die aanbevelings van die Akademie eers deur die Komitee vir Militêre Studies (agt US-dosente en ses offisiere van die S.A. Weermag) oorweeg word, wat dit dan aan die fakulteitsrade van die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Wis- en Natuurkunde voorgelê het, wat dit op hul beurt aan die Senaat voorgelê het.<sup>34</sup>

## 5. Skeiding van die akademiese en militêre struktuur

As Dekaan en Bevelvoerder het kol. De Vos op Saldanha 'n vrye hand gehad om na goeddunke die sake van die Akademie binne die riglyne van die Unieverdedigingsmag en die vereistes van die Universiteit van Stellenbosch te reël. Dit het egter spoedig geblyk dat die militêre owerhede nie daarmee gediend was nie. Volgens genl. M.A. de M. (Magnus) Malan,<sup>35</sup> was daar steeds in die Weermag

'n klomp senior offisiere wat met skeptisisme gekyk het na die Militêre Akademie ... [wat] die Militêre Akademie eintlik ... gesien (het) as deel van die Universiteit ...[en] dit nie beskou (het) as hulle eie eenheid nie

en daar was derhalwe

min steun ... [aan die kant] van die Weermagsdele ten opsigte van die Militêre Akademie ....<sup>36</sup>

Kol. de Vos was klaarblyklik ondanks sy burgermagagtergrond nie militêr genoeg na Verdedigingshoofkwartier se sin om die Akademie soos 'n ware militêre eenheid te

---

33. Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/103/1/8/2/3 vol. 28, ooreenkoms: Dept. van Verd. en US, 31 Januarie 1960/24 Februarie 1960.

34. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, Wnd. A.G. – Sekr. van Verd., 8 Julie 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, Bevelvoerder Militêre Akademie (Bev. Mil. Akad.) – A.G., 16 Augustus 1960.

35. Voormalige Hoof van die S.A. Weermag (1976 – 1980) en Minister van Verdediging (1980 – 1990). Hy was van Desember 1967 – Desember 1971 Bevelvoerder van die Militêre Akademie.

36. M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, 24 November 1994.

bedryf nie; die opvatting wat met die stigting van die Akademie bestaan en klaarblyklik steeds onder die oppervlak latent aanwesig was het - naamlik dat daar 'n beroepsoffisier aan die hoof van die Akademie moes staan - het derhalwe opnuut na vore gekom.

Die Kommandant-generaal, genl. R.C. Hiemstra,<sup>37</sup> het op 19 September 1967 'n komitee onder voorsitterskap van veggel. C.H. Hartzenberg saamgestel om ondersoek in te stel na die werwing, keuring, aanstelling en opleiding van Staandemagoffisiere, insluitende die rol van die Militêre Akademie in daardie verband. Hy het dit in sy opdrag aan die Hartzenberg-komitee gestel dat

daar ... 'n gevoel is dat die klem [by die Akademie] te veel op akademiese vorming gelê word as gevolg waarvan die Akademie-produk aan die einde van vier jaar opleiding nog nie prakties vir sy taak as jong offisier opgewasse is nie

en dat daar spesifiek ondersoek ingestel moes word na maniere om

'n meer gebalanseerde verhouding tussen akademiese en praktiese opleiding tot stand te bring.<sup>38</sup>

Dit het daarop uitgeloop dat die poste van Dekaan en Bevelvoerder met ingang 1 Desember 1967 geskei is en brig. M.A. de M.Malan op dieselfde dag as Bevelvoerder van die Militêre Akademie aangestel is, met, volgens sy eie getuienis,

'n opdrag dat ek die plek moet regmaak ... om die Militêre Akademie ... 'n aanvaarbare deel van die militêre strukture [te maak].<sup>39</sup>

Die Dekaan het volle beheer oor die akademiese funksie behou, maar was in rang en status ondergeskik aan die Bevelvoerder. Kol. De Vos het as Dekaan aangebly en het hom voortaan ten volle op die sake van die Fakulteit alleen toegelê.<sup>40</sup>

Die Dekaan was volgens die nuwe bedeling, soos voorheen, verantwoordelik vir die beplanning en koördinerende van en toesighouding oor die akademiese onderrig in die Fakulteit Krygskunde. Hy het ook steeds as skakel tussen die Militêre Akademie en die Universiteit van Stellenbosch gedien. Aangesien die drie graadrigtings so uiteenlopend van aard was dat 'n enkele persoon moeilik genoegsame agtergrondkennis oor elk kon hê om die beplannings- en toesighoudingstaak van die Dekaan na behore te vervul, het die militêre owerhede die Fakulteit met ingang 1 April 1970 volgens die graadrigtings in drie afdelings (Geestes-, Handels- en Natuurwetenskappe) verdeel en 'n afdelingshoof oor elk aangestel.

Die Dekaan het as Afdelingshoof van sy betrokke vakrigting opgetree, terwyl twee addisionele professorate met die goedkeuring van die Universiteit van Stellenbosch vir

---

Genl. R.C. Hiemstra was gedurende 1965 - 1972 die Kommandant-generaal (d.w.s. Hoof) van die S.A. Weermag.

38. Mil. Akad. Argief, Verslae, HWA/599/2/12/3, Verslag: Ondersoek insake Werwing, Keuring, Aanstelling en Opleiding van Staandemagoffisiere (hierna Hartzenberg-verslag), 13 Februarie 1968, pp.4 - 5.

39. M.A. de M. Malan - G.E. Visser, 24 November 1994.

40. P.J.G. de Vos. "Die Militêre Akademie, 1956 - 1967", in E.M. Müller, et al., reds: *Militêre Akademie 1950 - 1975: Silwerjubileum*, p.23; P.J.G. de Vos - G.E. Visser, onderhoud, 2 Julie 1993.

die ander twee Afdelingshoofde geskep is. Die Afdelingshoofde het die rang van kolonel (of kaptein in die geval van 'n vlootoffisier) beklee. Die aanvanklike gedagte was dat die drie Afdelingshoofde om die beurt gelyktydig as Dekaan en Afdelingshoof sou waarneem.<sup>41</sup> Dit het egter nie gerealiseer nie. Ofskoon die Dekaan jaarliks ooreenkomstig die gebruik by die Universiteit van Stellenbosch "verkies" is, was dit bloot 'n formaliteit, enersyds omdat kol. De Vos aanvanklik (d.w.s. vóór 1970) die enigste professor in die Fakulteit Krygskunde was en andersyds omdat die Dekaan van Weermagskant 'n vaste aanstelling was.<sup>42</sup> Dit het klaarblyklik daartoe gelei dat kol. De Vos met ingang van 1 November 1972 tot die rang van brigadier bevorder is, vermoedelik met die doel om hom in status en vergoeding bokant die Afdelingshoofde uit te lig.<sup>43</sup>

Met sowat anderhalf jaar oor voordat brig. De Vos aan die einde van Maart 1976 sou aftree,<sup>44</sup> het die Fakulteitsraad in Augustus 1974 vir kapt. (S.A.V.) H.F. Nel (Hons.B.A., B.Ed., M.A. (Geskiedenis)), Hoof van die Departement Krygsgeskiedenis en Afdelingshoof Geesteswetenskappe, tot Dekaan vir 1975 verkies.<sup>45</sup> Dié vroeë verkiesing het waarskynlik daaruit gespruit dat die militêre owerhede wou toesien dat daar voldoende tyd vir die nuwe Dekaan gelaat word om op hoogte van sake te kom. Nel is daarop in 1975 vir 'n verdere termyn verkies, met 'n aanbeveling aan die Senaat dat die Dekaan voortaan ter wille van kontinuïteit vir 'n termyn van drie jaar dien.<sup>46</sup> Ofskoon die Registrateur 'n paar jaar tevore, soos vroeër vermeld, verklaar het dat vaste dekaanskappe nie vreemd was nie, het die Rektor nou beslis dat die Fakulteit Krygskunde

ooreenkomstig die gebruik van die universiteit nie in aanmerking kom vir die aanstelling van 'n vaste dekaan ... nie.<sup>47</sup>

Nel het uiteindelik tot met sy verplasing na Verdedigingshoofkwartier met ingang Januarie 1980 as Dekaan gedien.<sup>48</sup> Brig. De Vos was vir sy laaste skof slegs dosent in Fisika.

Alhoewel Nel slegs oor 'n M.A.-graad beskik het, terwyl die Afdelingshoof Handelswetenskappe, kol. J.v.d.B. Breed oor 'n D.Comm.-graad beskik het, is laasgenoemde klaarblyklik oor die hoof gesien omdat hy nie oor genoegsame militêre

---

SANWA, MIL AKAD (Groep 3) 65, G/SD/3/1/20 vol. 1, Bev. Mil. Akad. – Hoof van Staf (H.V.S.), 20 Oktober 1969; SANWA, MIL AKAD (Groep 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1, Registrateur (Akademies) US - Bev. Mil. Akad., 2 November 1970.

42. SANWA, MIL AKAD (Groep 3) 33, A/PERS/1/0 vol. 1, Bev. Mil. Akad. – Registrateur (Akademies) US, 11 Augustus 1972; SANWA, MIL AKAD (Groep 3) 33, A/PERS/1/0 vol. 1, Registrateur (Akademies) US - Bev. Mil. Akad., 29 Augustus 1972.

43. SANWA, MIL AKAD (Groep 3) 65, G/SD/3/1/20 vol. 2, naamlys van Mil. Akad.-personeel, g.d.

44. SANWA, MIL AKAD (Groep 3) 47, A/PERS/25/1/1 vol. 2, Bev. Mil. Akad. – Hoof van staf Personeel (H.S.P.), 31 Maart 1976.

45. Mil. Akad. Argief, notule van Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 6 Augustus 1974.

46. Mil. Akad. Argief, notule van Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 29 Julie 1975.

47. Mil. Akad. Argief (lopemd), MA/V/503/1/6 vol 1, Bev. Mil. Akad. – H.S.P., 13 Julie 1978.

48. Mil. Akad. Argief (lopemd), MA/V/503/1/6, Bev. Mil. Akad. – H.S.P., 28 November 1979.

kwalifikasies beskik het nie. Nel het voor sy aanstelling by die Akademie as dosent in Krygsgeskiedenis in 1960 ses jaar onderwys gegee en vier jaar lank as offisierinstrukteur by die S.A. Vlootgimnasium op Saldanha gedien.<sup>49</sup> Breedt het 10 jaar lank onderwys gegee en is in 1958, twee jaar voor Nel, as dosent in Ekonomie by die Militêre Akademie aangestel.<sup>50</sup> Militêre kwalifikasies en ervaring het dus klaarblyklik in daardie stadium swaarder as akademiese kwalifikasies by die aanstelling van 'n Dekaan gewees. Met 15 jaar ervaring by die Militêre Akademie, onder meer ook as Departements- en Afdelingshoof, was Nel nietemin akademies ook relatief goet vir sy taak as Dekaan onderlé.

Gedurende 1979 het die militêre owerhede besluit dat 'n doktorsgraad en 'n militêre stafkursus voortaan as aanstellingsvereiste vir die Dekaan van die Militêre Akademie sou geld en dat dosente derhalwe voortaan in die geleentheid gestel sou word om hulle militêr te bekwaam.<sup>51</sup> In kontras met hierdie "militarisering" van die dosentekorps, het die Militêre Akademie sedert die laat sewentigerjare meer die vorm van 'n militêre universiteit as 'n tradisionele militêre akademie (d.w.s. waar kandidate vir offisiersaanstelling voorberei word) begin aanneem, deur in plaas van slegs aspirantoffisiere, ook dienende offisiere as studente in te neem.) Met Nel se verplasing na Verdedigingshoofkwartier in Januarie 1980, is Breedt derhalwe as bloot waarnemende Dekaan aangestel.<sup>52</sup> 'n Derde, afsonderlike afdelingshoofpos is terselfdertyd geskep om die Dekaan van sy verpligtinge in daardie verband los te maak, sodat hy voortaan terselfdertyd ook die pos van Tweede-in-Bevel van die Militêre Akademie kon beklee. Die gedagte met sy aanstelling as Tweede-in-Bevel was klaarblyklik om groter integrasie van militêre opleiding en akademiese opvoeding te bewerkstellig.<sup>53</sup>

Met Breedt se aanstelling as waarnemende Dekaan, is kmdt. J.C. Kotzé, Hoof van die Departement Militêre Geografie en waarnemende Afdelingshoof Geesteswetenskappe, reeds geormerk om hom in 1980 op te volg. Kotzé was in daardie stadium ver gevorder met sy doktorsale studie en was ook reeds met die S.A. Lugmag se Senior Bevel- en Stafkursus besig. Hy sou dus na verwagting teen 1981 aan beide vereistes vir die dekaanskap, naamlik 'n doktorsgraad en 'n militêre stafkwalifikasie, voldoen.<sup>54</sup> Hy het dan ook inderdaad vir Breedt opgevolg met sy aftrede aan die einde van April 1981 en in die loop van die jaar sy stafkursus voltooi. In 1983 het hy ook 'n Spesiale (verkorte) Gesamentlike Stafkursus en in 1990 die volledige Gesamentlike Stafkursus van die S.A. Weermag voltooi.

Met die veeleisende verpligtinge van die dekaanskap op sy skouers, het hy eers in Maart 1983 sy doktorsgraad verwerf. Kotzé, wat die arbeidsmark in 1959 as

49. *Militêre Akademie Jaarblad 1979*, p.15.

50. J.v.d.B. Breedt - G.E. Visser, onderhoud, 18 November 1984.

51. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/V/503/1/6, Bev. Mil. Akad. - H.S.P., 28 November 1979.

52. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/V/503/1/6, Bev. Mil. Akad. - Registrateur (Akademies) US, 28 November 1979; J.C. Kotzé - G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 2 Augustus 1999.

53. SANWA, MIL AKAD (Groep 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 7, Bev. Mil. Akad. - H.S.P., 9 Maart 1982.

54. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/V/503/1/6, Bev. Mil. Akad. - H.S.P., 28 November 1979.

onderwyser betree het, en nou tot kolonel bevorder is, was reeds sedert 1966 as dosent in Militêre Geografie aan die Fakulteit Krygskunde verbonde en het ook ervaring as Departements- en Afdelingshoof gehad toe hy as Dekaan aangestel is. Hy het as vaste Dekaan van die Fakulteit Krygskunde gedien totdat hy aan die einde van 1995 met pensioen uit diens van die Weermag getree het. Ofskoon die Fakulteit Krygskunde dus teoreties aan die Universiteit van Stellenbosch se stelsel van dekaanswisseling onderhewig was, het dit in die praktyk van 1956 af tot 1995 aan Weermagskant 'n vaste aanstelling gebly.

## 6. Nuwe probleme met die pos van Dekaan

Gedurende 1994/5 het al drie Afdelingshoofde (al drie kolonels, twee van hulle professors) die Fakulteit Krygskunde verlaat, hetsy by wyse van aftrede of vervroegde pensioen.<sup>55</sup> Die gevolg was dat daar met kol. (prof.) J.C. Kotzé se aftrede in Desember 1995 nie 'n dienende professor was wat hom as Dekaan kon opvolg nie, terwyl daar net een of twee ander kandidate binne die Fakulteit was wat moontlik vir aanstelling as Dekaan oorweeg kon word. Hoof van Staf Personeel het gevolglik, klaarblyklik op advies van die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. P.O. Verbeek - en sonder oorlegpleging met die Universiteit van Stellenbosch - besluit om die dekaanspos binne die S.A. Nasionale Weermag en die Staatsdiens, asook in die Sondagpers te adverteer, ten einde die bes moontlike kandidaat vir die pos te probeer werf.<sup>56</sup> Dit het natuurlik lede van die Fakulteit ook vrygestaan om vir die pos aansoek te doen. Luidens die advertensie, moes aansoekers

in besit [wees] van 'n Ph.D. in die Bestuurswetenskappe, Geesteswetenskappe of Natuurwetenskappe ... bewys van navorsing en publikasies ... [kon] voorlê, terwyl uitgebreide toepaslike ervaring 'n voorvereiste ...[was].<sup>57</sup>

Die advertensie het geen spesifieke melding van militêre ervaring gemaak nie. Aldus Verbeek is daar van owerheidsweë aanvaar dat, hoewel 'n militêre aanstelling verkieslik was, daar 'n burgerlike akademikus van buite of binne die Weermag as Dekaan aangestel sou kon word. Daar was naamlik reeds verskeie burgerlike dosente (sowat 7% van die totaal teen Maart 1995<sup>58</sup>) in die Fakulteit Krygskunde wat in beginsel (as hulle aan die akademiese vereistes voldoen het) vir die dekaanspos kon aspireer. Dosente kon sedert die tagtigerjare by aanstelling kies of hulle in militêre of burgerlike hoedanigheid wou dien en daar sou dus geredeneer kon word dat daardie opsie ook vir die Dekaan beskikbaar moes wees. Daar is egter nooit 'n bewustelike besluit geneem om die militêre vereistes vir die dekaanspos op te hef nie.<sup>59</sup> Die

55. *Militêre Akademie Jaarblad 1994*, p.18; *Militêre Akademie Jaarblad 1995*, p.14.

56. Mil. Akad. Argief, notule van spesiale Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 1 Desember 1995; Mil. Akad. Argief (lopend), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. - Rektor US, 2 November 1995.

57. *Rapport*, 29 Oktober 1995.

58. Kotze and R. Steele: Behavioural determinants of Civil-Military Control: Military Tertiary Education and Civilian Educators, p.63.

59. P.O. Verbeek - G.E. Visser, telefoniese gesprek, 2 September 1999.

aanstelling van burgerlike dosente in die Fakulteit Krygskunde sedert die tagtigerjare het op 'n evolusionêre wyse die dekaanspos vir 'n burgerlike aanstelling oopgestel. Dit was nietemin 'n duidelike koerswending in die profiel van die Dekaan, aangesien die militêre vereistes vir dié pos, spesifiek die militêre stafkwalifikasie, meteens van die tafel af gevee is.

By gebrek aan 'n omskrewe prosedure vir die aanstelling van 'n Dekaan vir die Fakulteit Krygskunde, het Verbeek met Hoof van Staf Personeel en die Universiteit van Stellenbosch ooreengekom dat die Fakulteit Krygskunde 'n kortlys uit die aansoekers sou saamstel, wat dan aan die Universiteit vir goedkeuring voorgelê sou word. Die goedgekeurde kandidate sou dan voor 'n keurraad onder Voorsitterskap van die Hoof van Staf Personeel (H.S.P.), met 'n verteenwoordiger van die Universiteit en die Bevelvoerder van die Militêre Akademie as lede en 'n sekretaris deur H.S.P. aangewys, verskyn. Die aanstelling van die suksesvolle kandidaat sou daarna volgens die normale prosedures van die Universiteit en die Weermag geskied, met dien verstande dat die Weermag geen aanstelling kon maak alvorens die Universiteit sy goedkeuring verleen het nie.<sup>60</sup>

Die advertensie het 'n twaalfstal aansoeke gelok, waaronder agt professore/medeprofessore. Die applikante was almal manlik en oorwegend blank en Afrikaanssprekend. Slegs een aansoek is uit die Fakulteit Krygskunde ontvang, te wete dié van lt.kol. (medeprofessor) C. Nelson, Hoof van die Departement Politieke Wetenskap (Mil.).<sup>61</sup> Die Fakulteit Krygskunde het op 1 Desember onder voorsitterskap van kol. (prof.) R.A. O'Connell (afgetree), voormalige Afdelingshoof Natuurwetenskappe, vergader om 'n kortlys uit die kandidate saam te stel. Laasgenoemde is op aanbeveling van die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch deur die Bevelvoerder gevra om as voorsitter op te tree, ten einde nie die uittrede Dekaan by die proses te betrek nie.

Lede van die Fakulteit het tydens die vergadering hul ontevredenheid uitgespreek omdat die Bevelvoerder nie die Fakulteit amptelik in die aanstellingsprosedure geken het nie. Hulle het voorts die regsgeldigheid van die aanstellingsproses bevraagteken, onder meer aangesien kandidate voorgelê is wat nie, soos die advertensie vereis het, in die Bestuurs-, Geestes- of Handelswetenskappe gekwalifiseer was nie. Daardie beperking het naamlik verhoed dat 'n lid van die Fakulteit wat oor 'n Ph.D in Opvoedkunde beskik het, vir die pos aansoek doen. Lede van die Raad het ook die legitimititeit van die vergadering, spesifiek die voorsitterskap, in twyfel getrek. Die uiteinde van die saak was dat bykans die helfte van die stemgeregtigde Fakulteitsraadlede uit protes uit die vergadering gestap het. Ofskoon daar steeds 'n kworum teenwoordig was en 'n kortlys van drie kandidate saamgestel is, was die Rektor die mening toegedaan dat dit in die lig van die ernstige bedenkinge van die Fakulteit oor die verloop van die proses, nie gerade was om daarmee voort te gaan nie. Die gevaar het naamlik bestaan dat 'n nuwe Dekaan

---

60. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. – Rektor US, 2 November 1995; Mil. Akad. Argief (lopend), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. – H.S.P., 19 Januarie 1996.

61. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. – kandidate vir Dekaanpos, 16 – 30 November 1995.

van die begin af nie die steun van die hele Fakulteit sou geniet nie. Die Bevelvoerder en die Rektor het derhalwe ooreengekom dat die Fakulteit opnuut geraadpleeg moes word en opnuut die geleentheid 'n stemming gebied moes word.<sup>62</sup>

Tydens 'n spesiale Fakulteitsraadvergadering op 4 Desember het die Bevelvoerder, Verbeek, wat as Voorsitter opgetree het, die Fakulteitsraad op grond van sy beraadslaging met die Universiteit ingelig dat Opvoedkunde binne die veld van Geesteswetenskappe geag word en dat die Fakulteit voorts wel die reg gehad het om die aangewese (deur die Bevelvoerder op advies van die Rektor) voorsitter, kol. O'Connell, te aanvaar of af te wys. Die Fakulteitsraad het derhalwe besluit om by die Universiteit aan te beveel dat die hele proses, insluitende die advertering van die pos, van voor af herhaal word. Die Fakulteitsraad het daarop vir Nelson as waarnemende Dekaan aangewys, aangesien hy die enigste medeprofessor in die Fakulteitsraad was.<sup>63</sup> Die Fakulteitsraad het voorts besluit dat die vergadering van 4 Desember 1995

nie 'n spesiale Fakulteitsraadvergadering nie, maar wel 'n Eenheid Sub-komitee-vergadering (sic), was

en dat die besluite van daardie vergadering dus nie geldig was nie.<sup>64</sup> Tydens 'n spesiale Fakulteitsraadvergadering op 2 Februarie 1996 het die Raad gevolglik besluit dat die drie vakante professorate in die Fakulteit gevul moes word en dat die dekaanskap driejaarliks tussen die vier professore in die Fakulteit moes roteer. 'n Dekaan sou egter telkens na afloop van sy driejaartermyn herkies kon word.<sup>65</sup>

Verbeek het op 19 Junie 1996 die aanstellingsprosedure vir 'n Dekaan met die Hoof van die S.A. Nasionale Weermag bespreek, waartydens beslis is dat dié prosedure so na as moontlik volgens die prosedure vir die aanstelling van dekane by die Universiteit van Stellenbosch moes verloop. Dit het daarop neergekom dat 'n kandidaat uit die dienende lede van die Fakulteit voortaan deur die Fakulteitsraad gekies en aan die Universiteit vir oorweging voorgelê sou word. Sodra die Raad van die Universiteit die kandidaat goedgekeur het, sou sy naam aan die S.A. Nasionale Weermag vir finale beslissing en aanstelling voorgelê word. Soos op Stellenbosch, sou die Dekaan vir 'n bepaalde termyn (ongeveer drie jaar) aangestel word.<sup>66</sup>

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het op 24 Junie 1996 professorale status aan Nelson verleen, waarna die Fakulteitsraad voor die keuse gestel is om hom as enigste kandidaat vir die dekaanskap te aanvaar, of eers die ander drie professorate deur advertering te vul en daarna 'n keuse te maak.<sup>67</sup> Verbeek het daarop die kandidate

- 
62. Mil. Akad. Argief, notule van spesiale Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 1 Desember 1995; Mil. Akad. Argief (lopemd), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. - H.S.P., 19 Januarie 1996.
  63. Mil. Akad. Argief, notule van spesiale Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 4 Desember 1995.
  64. Mil. Akad. Argief, notule van Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 9 Februarie 1996.
  65. Mil. Akad. Argief, notule van Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 2 Februarie 1996.
  66. Mil. Akad. Argief (lopemd), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. - alle Fakulteitslede, 18 Julie 1996.
  67. Mil. Akad. Argief (lopemd), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. - Rektor US, 4 Julie 1996; Mil. Akad. Argief (lopemd), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. - alle Fakulteitslede, 18 Julie 1996.

wat op grond van die advertensie van 29 Oktober 1995 vir die dekaanspos aansoek gedoen het, verwittig dat

as gevolg van 'n herstrukturering van die Fakulteit Krygskunde ... die verkiesingsproses vir [die] Dekaan in oorleg met die Universiteit van Stellenbosch, so aangepas (is) dat die pos in die toekoms vanuit die Fakulteit gevul sal word soos dit die praktyk is in ander fakulteite van die Universiteit<sup>68</sup>

en dat hul aansoeke dus nie verder geprosesseer sou word nie.

Gedurende 'n spesiale oorlegplegingsvergadering tussen die Fakulteitsraad en die Hoofdirekteur Personeel van die Universiteit van Stellenbosch, prof. A.J. van Wyk, op 26 Julie 1996, is besluit dat alle permanente lede van die Fakulteit 'n kieskollege sal vorm om 'n Dekaan aan te wys. Die vergadering het voorts besluit dat die Dekaan drie jaar in sy amp sou dien en dat, indien Nelson as Dekaan verkies sou word, sy dienstyd as waarnemende dekaan van dié termyn afgetrek sou word.<sup>69</sup> Die Fakulteitsraad het op 14 Augustus 1996 vir Nelson as enigste kandidaat vir die dekaanskap genomineer,<sup>70</sup> waarop die Raad van die Universiteit van Stellenbosch goedkeuring vir sy aanstelling as Dekaan vanaf 1 Oktober 1996 tot 31 Desember 1998 verleen het.<sup>71</sup> Die Hoof van die Nasionale Weermag het Nelson se aanstelling vir daardie tydperk bekragtig, waarop hy met ingang van 1 Oktober 1996 tot die rang van kolonel bevorder is en sy amp as Dekaan aanvaar het. Sy diensteryn is later administratief verleng tot 30 Junie 1999, op welke datum hy met 'n vrywillige skeidingspakket uit diens getree het.<sup>72</sup>

Deur die aanvanklike aanstellingsproses in Desember 1995 te kelder, het die Fakulteit hom die geleentheid ontse om 'n keuse uit 'n verskeidenheid van kandidate te maak en moontlik nuwe kennis, ervaring en gesigspunte na die Fakulteit Krygskunde te bring. Kol. Nelson was nietemin akademies goed vir sy taak onderlê. Hy het in 1970 as dosent in Politieke Wetenskap (destyds Staatsleer en Publieke Administrasie) by die Fakulteit Krygskunde aangesluit en het in 1989 die hoof van daardie Departement geword. Hy het reeds in 1988 sy doktorsgraad in Politieke Wetenskap verwerf en het oor 'n bewese navorsings- en publikasierekord beskik.<sup>73</sup> Militêr was hy egter swakker as sy voorgangers vir die dekaanspos toegerus. Hy het geen formele militêre opleiding ondergaan of selfs militêre diensplig verrig nie.<sup>74</sup> Sy lang diensteryn by die Akademie het hom egter sekerlik veel insig in die Weermag se *modus operandi* en sy behoeftes ten opsigte van die akademiese opvoeding van offisiere gegee.

---

68. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. – kandidate vir dekaanspos, 8 Julie 1996.

69. Mil. Akad. Argief, notule van spesiale oorlegplegingsvergadering met die Fakulteit Krygskunde, 26 Julie 1996.

70. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/B/102/1/4 vol. 8, lede van Fakulteit Krygskunde – Hoofdirekteur Personeel US, 14 Augustus 1996.

71. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/B/102/1/4 vol. 8, Bev. Mil. Akad. – H.S.P., 17 September 1996.

72. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/B/102/1/4 vol. 9, Bev. Mil. Akad. – Hoof van Personeel, 29 Januarie 1999.

73. *Militêre Akademie Jaarblad 1983*, p.24; *Militêre Akademie Jaarblad 1988*, p.40.

74. C. Nelson – G.E. Visser, telefoniese gesprek, 2 September 1999.

'n Belangrike ontwikkeling tydens kol. Nelson se termyn was dat die Dekaan vergoedingsgewys tot 'n vlak vergelykbaar met dié van 'n direkteur in die Staatsdiens uitgelig is.<sup>75</sup> Dit het die Fakulteit met die verstryking van sy termyn, toe daar besluit is om ook buite die Weermag kandidate vir die dekaanspos te werf, in 'n baie meer kompeterende posisie geplaas. Voorheen was die besoldiging van die Dekaan so swak dat dit potensieële kandidate afgeskrik het.

## 7. 'n Burgerlike Dekaan vir die Akademie

Met die jongste (1999) dekaansaanstelling het die Fakulteit Krygskunde, in skille kontras met vorige pogings, die prosedures van die Universiteit van Stellenbosch in dié verband nougeset nagekom. Die Fakulteit Krygskunde het inderwaarheid geskiedenis gemaak deur die eerste fakulteit van die Universiteit te word om dié instelling se pas aangekondigde nuwe prosedure rakende die aanstelling van dekanes<sup>76</sup> op die proef te stel. Die dekaanspos is ingevolge dié prosedure nasionaal geadverteer om soveel as moontlik applikante te trek. Die uitgangspunt was dat 'n Dekaan gevind moes word wat oor die kennis en ervaring beskik om in die nuwe millennium aan die Fakulteit kundige, dinamiese leiding te verskaf te midde van die transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika. Daarvoor is militêre kennis en ervaring nie belangrik geag nie. Die klem het op bestuurservaring in die tersiêre omgewing, asook kennis en ervaring van transformasieprosesse, die programbenadering en uitkomsgebaseerde onderrig in tersiêre opvoeding geval.<sup>77</sup> Die hoof funksie van die Militêre Akademie, naamlik akademiese opvoeding, was dus allesbepalend in die soeke na 'n geskikte kandidaat vir die dekaanskap van die Fakulteit Krygskunde.

Die advertensie van die dekaanspos het nege aansoeke opgelewer. Daar was geen aansoeke vanuit die Fakulteit Krygskunde nie en slegs een van 'n dienende lid van die S.A. Nasionale Weermag. Drie van die kandidate het naas hul akademiese kwalifikasies ook oor uitstekende militêre kwalifikasies beskik. Die Kieskollege van die Fakulteit Krygskunde het prof. D.J. Malan, Dekaan van die Vaaldriehoekskampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, met 'n volstrekte meerderheid van stemme as kandidaat vir die dekaanskap aangewys. Hy beskik, afgesien van nege maande nasionale diensplig in die S.A. Seinkorps, oor geen militêre ervaring nie. Sy kennis en ervaring op beide akademiese en bestuursvlak in 'n multikulturele universiteitsomgewing met uiteenlopende, interdisiplinêre programme het hom na die oordeel van die Kieskollege die beste kandidaat gemaak om die Fakulteit Krygskunde in die nuwe millennium met sy besondere uitdagings in te lei. Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch en die Departement van Verdediging het Malan se aanstelling in burgerlike hoedanigheid vir 'n vyfjaartermyn met ingang van 1 September 1999 goedgekeur. Sy aanstelling in burgerlike hoedanigheid kom egter nie

---

75. Vergelyk advertensies in *Rapport*, 28 Februarie 1999 en *Sunday Times*, 28 Februarie 1999.

76. Mil. Akad. Argief ( lopend), MA/B/102/1/4 vol. 9, inlae 127, Voorgestelde Prosedure by die Aanstelling van Dekane (soos op 13 Oktober 1998 deur die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch aanvaar).

77. Vergelyk advertensies in *Rapport*, 28 Februarie 1999 en *Sunday Times*, 28 Februarie 1999.

sonder meer op 'n verburgerliking van die dekaanspos neer nie. 'n Volgende Dekaan sou teoreties weer in uniform kon dien.

Malan se aanstelling in 'n burgerlike hoedanigheid is 'n nuwe wending in die geskiedenis van die Militêre Akademie en die Fakulteit Krygskunde, ofskoon die moontlikheid van sodanige aanstelling in beginsel reeds sedert die aanstelling van sy voorganger bestaan het. Al wat die Fakulteit Krygskunde werklik met die aanstelling van 'n burgerlike Dekaan "prysgee", is laasgenoemde se outomatiese aanstelling as Tweede-in-Bevel van die Militêre Akademie sedert die vroeg tagtigerjare. E. Kotzé en R. Steele beklemtoon die belangrike bydrae wat burgerlike akademië internasionaal aan militêre-akademiese opvoedingsinrigtings in die opvoeding van offisiere speel in die strewende na

balanced civil-military relations, improved accountability, flexibility and a transparent defence administration.<sup>78</sup>

Uit daardie ooggpunt is die aanstelling van 'n burgerlike Dekaan by die Militêre Akademie sekerlik op 'n indirekte wyse in ooreenstemming met die klem wat daar in die transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert die 1994-verkieping op burgerlike beheer oor die gewapende magte geplaas word.

## **8. Slotsom**

Die eerste Dekaan van die Militêre Akademie, S.A. Engelbrecht, is in 1950 op grond van militêre eerder as akademiese oorwegings aangestel en was nie werklik goed gekwalifiseer vir die akademiese sy van sy taak nie. Die militêre owerhede het dit skynbaar besef en dit probeer regstel deur 'n dienende dosent van die Akademie, M. van Niekerk, as sy opvolger aan te stel. Ofskoon Van Niekerk akademies effens beter vir die dekaanskap toegerus was, was hy weer militêr swak gekwalifiseer, wat hom van enige geloofwaardigheid onder die beroepsoffisiere beroof en sy taak geweldig bemoeilik het. Met die vestiging van die Akademie as 'n selfstandige militêre eenheid op Stellenbosch/Saldanha, met 'n veel groter akademiese taak as bloot die aanbied van 'n paar eerstejaarsvakke soos in Pretoria, het die militêre owerhede vir die eerste keer wyd gewerf om in De Vos 'n persoon te vind wat beide militêr en akademies goed onderlê was. Die militêre owerhede het hom egter steeds as 'n akademikus, eerder as soldaat beskou en het daarom die Akademie as 'n militêre universiteit eerder as 'n militêre akademiese beskou. Dit het daartoe gelei dat die twee ampte geskei en 'n beroepsoffisiër as bevelvoerder aangestel is. Die skeiding van die poste was nietemin noodsaaklik, aangesien die akademiese taak van die Dekaan sekerlik toenemend veeleisender geword het ná die totstandkoming van die Militêre Akademie as 'n volwaardige Fakulteit Krygskunde in 1961.

Die bevordering van dienende dosente van die Fakulteit Krygskunde in die dekaanspos sedert 1975, het die Fakulteit 'n baie beperkte keuse vir die dekaanskap gegee. Dit,

---

78 E. KOTZE EN R. STEELE. Behavioural Determinants of Civil-Military Control: Military Tertiary Education and Civilian Educators, p.67.

tesame met die feit dat die Dekaan van Weermagskant inderwaarheid 'n vaste aanstelling was, wat tot uitermate lang dienstermyne in die geval van De Vos en Kotzé gelei het, was potensieel nie bevorderlik vir vernuwning nie. Die termynstelsel vir die aanstelling van die Dekaan wat sedert 1996 geld en die uitbreiding van die werwingsnet tot op nasionale vlak met die jongste dekaansaanstelling, is daarop gemik om vernuwning in die hand te werk en telkens die beste kandidaat uit 'n akademiese oogpunt vir die dekaanskap te probeer vind. Dit, tesame met die burgerlike opsie ten opsigte van die dekaanskap, het die jare lange toutrekkery tussen die akademiese en militêre profiele van die Dekaan in die guns van eersgenoemde beklank. As hoof van die akademiese funksie van die Militêre Akademie, word die Dekaan tans tereg allereers op suiwer akademiese gronde aangestel. Die bevelsfunksie van die Akademie as 'n militêre eenheid berus, soos die strewe sedert 1950 by Verdedigingshoofkwartier was en die praktyk by beide Sandhurst en West Point is, by 'n beroepsoffisier as Bevelvoerder, om die militêre karakter van dié instelling te handhaaf.

### **Abstract**

#### **The Dean of the Military Academy in historical perspective**

There have been significant changes with regard to the appointment, task and position of the Dean of the Military Academy since the establishment of the institution as a branch of the South African Military College under the auspices of the University of Pretoria in 1950. These changes resulted from the crucial question as to whether the Dean should in the first place be an academic or a military officer.

Although the Academy was not an independent faculty of the University of Pretoria, its academic head held the official title of Dean. The first Dean, although academically suitably qualified, was a serving officer, appointed firstly on military rather than academic grounds. His lack of experience in the university environment, however, hampered him in the fulfilment of his duties. His successor was an academic appointed from the ranks of the serving military lecturers at the Academy. He lacked a suitable military background. This deprived him of credibility within the military milieu and hampered his insight into his task.

With the establishment of the Academy as an independent military unit under the auspices of the University of Stellenbosch in 1956, the offices of Dean and Officer Commanding were combined in a single post, to which the rank of colonel and the status of professor were attached. The military authorities therefore endeavoured to appoint a Dean who was well qualified in both the military and the academic fields, although his academic profile was to be decisive. The choice thus fell on a serving professor of the University of Stellenbosch, who was also the commanding officer of a Citizen Force unit.

In January 1961 the Military Academy became the fully-fledged Faculty of Military Science of the University of Stellenbosch, making the Dean of the Military Academy really worthy of that title for the first time. The offices of the Dean and the Officer Commanding were separated on 1 December 1967, since which date the Dean had always been appointed from the ranks of the serving professors (all military officers) of the Faculty of Military Science.

In 1999 a civilian Dean was appointed at the Academy for the first time. A military background was not regarded important in the search for a suitable candidate. The emphasis was on management experience in the tertiary environment, as well as a sound background with regard to transformation processes, the development of academic programmes and outcomes based teaching in tertiary education.